



PROVINSIALE EKSAMEN JUNIE 2024 GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye + 1 formuleblad en 'n antwoordboek van 10 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin alle vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers word verskaf aan die agterkant van die vraestel.
4. Wys alle bewerkings om deelpunte te verdien
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood, blou of swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Waar van toepassing wys al die berekeninge tot EEN desimale plek.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1	Bankversoening en Interne Kontrole	55	44 minute
2	Krediteure Kontrole en etiek	25	20 minute
3	Vaste Bates	50	40 minute
4	Interne Kontrole	20	16 minute
TOTAAL		150	120 minute

VRAAG 1: BANKVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

(55 punte; 44 minute)

1.1 Sê of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. (03)

1.1.1 Gunstige saldo soos per bankstaat is 'n debietsaldo.

1.1.2 Rente op oortrokke rekening word in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken.

1.1.3 Kontantdeposito 's verhoog jou banksaldo.

SK HANDELAARS

1.2 Die volgende inligting het betrekking op SK Winkels vir Februarie 2024. Die besigheid bank by Honey Bank. Die boekhouer druk state aan die einde van die maand vanaf die banktoepassing.

GEVRA:

1.2.1 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Februarie 2024. Gebruik die korrekte besonderhede (kontrarekening). (26)

1.2.2 Bereken die korrekte bankrekeningsaldo op 29 Februarie 2024. (04)

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat van 29 Februarie 2024 op. (10)

1.2.4 Voorsien **TWEE** interne kontrolemaatreëls om kontant te beheer. (04)

1.2.5 Noem **TWEE** interne kontrolemaatreëls wat geïmplementeer kan word ten opsigte van EFO-betalings. (04)

1.2.6 'n Betaling wat op die 19de aan een van ons krediteure gemaak is, is nie deur die krediteur ontvang nie. Daar is ontdek dat die geld gestuur is na die krediteur se ou rekening wat gesluit. Gee **TWEE** redes wat verduidelik waarom dit belangrik is om rekeningbesonderhede te verifieer voordat enige betalings gemaak word. (04)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Januarie 2024:

Uitstaande deposito: 15 Januarie 2024	15 000
Uitstaande deposito: 20 Januarie 2024	21 500
Uitstaande deposito: 30 Januarie 2024	12 000
Uitstaande EFO 410	7 200
Gunstige saldo volgens bankrekening op 31 Januarie 2024	17 500

LET WEL:

- Die uitstaande deposito op die 15^{de} en die 30^{ste} Januarie 2024 het albei op die bankstaat verskyn met die korrekte bedrae.
- Die uitstaande deposito op die 20^{ste} Januarie 2024 het in die Februarie bankstaat verskyn met die korrekte bedrag van R19 500. Hierdie bedrag is van 'n debiteur ontvang.
- Die uitstaande EFO 410 vir R7 200 was 'n geskeduleerde betaling vir die aankoop van skryfbehoeftes. Die bestelling is gekanselleer en die betaling moet gekanselleer word.

B. Die voorlopige totale in die kontantjoernale

- Kontantontvangstejoernaal R 205 500
- Kontantbetalingsjoernaal R 178 400

C. Die volgende inskrywings verskyn in die bankstaat vir Februarie maar nie in die Kontantjoernale nie.

- 'n Deposito wat maandeliks deur die huurder gemaak word vir die huur van R11 500.
- R 50 000 ontvang van Honey Bank vir die vaste deposito wat verval het.
- Betaling gemaak aan Mogale Munisipaliteit vir water en elektrisiteit R1 500.
- Die bankstaat toon 'n debietorder vir R780 aan MTT Winkels, die besigheid gebruik nie MTT Winkels as 'n diensverskaffer nie.

- Kontantheringsfooi R1 000.
- Diensfooi beloop R940
- Rente verdien op lopende rekening R 570
- 'n Kredietkaartbetaling van R645 vir die aankoop van kos vir die eienaars se private woning.
- Die staat wys 'n EFO vir R3 000 vir handelsvoorraad, dit is verkeerdlik aangeteken as R1 345 in die joernaal.
- Maandelikse terugbetaling vir die lening aan EN Bank, R 10 500.
- 'n EFO betaling van R750 aan Shine Winkels. Hierdie bedrag was vir goedere wat die kassier vir haar eie gebruik gekoop het.
- 'n Deposito van R18 000, hierdie bedrag is per ongeluk deur die bank in ons rekening gedeponeer. Die bank het ingestem om die fout volgende maand reg te stel.

D. Die volgende verskyn in die Kontantjoernale vir Februarie maar nie op die bankstaat nie:

- Uitstaande deposito 20 Februarie 2024 R 10 600
- Uitstaande deposito 27 Februarie 2024 R15 000
- Uitstaande EFO 510 vir R8 500 gemaak aan 'n krediteur.

E. Saldo volgens Bankstaat aan die einde van die maand?

[55]

VRAAG 2: KREDITEURE KONTROLE EN INTERNE KONTROLE**(25 punte; 20 minute)****BaseM HANDELAARS**

BaseM Handelaars koop goedere op krediet van verskeie verskaffers, insluitende Mokoena Verskaffers.

GEVRA:

- 2.1 Die nuwe boekhouer in diens van BaseM het nie elke maand die Krediteureversoeningstaat voorberei nie. Verskaf **TWEE** redes waarom dit belangrik is om beheer oor krediteure te hê? (02)
- 2.2 **Verwys na INLIGTING A:**
- Berei die korrekte krediteurelys in die Boeke van BaseM Handelaars voor na inagneming van die aansuiwerings in **INLIGTING A**. (09)
- 2.3 **Verwys na INLIGTING B:**
- Versoen die krediteuregrootboek van Mokoena Verskaffers in die boeke van BaseM Handelaars met die rekeningstaat wat van Mokoena Verskaffers ontvang is. (11)
- 2.4 Die boekhouer het uitgevind dat die eienaar besig is om goedere vir sy persoonlike gebruik te bestel en dit te dit laat aanteken as aankope vir die besigheid. Wat moet die boekhouer vir die eienaar sê? (02)

INLIGTING:

A.

Krediteurelys op 29 Februarie 2024.	
Masuku Verskaffers	R 18 000
Maleka Verskaffers	R 5 900
Hadebe Verskaffers	R 10 300
Matshaba Verskaffers	R 7 000
Ngubeni Verskaffers	R 6 800
Mokoena Verskaffers	R 21 700
	R 69 700

Die krediteurelys hierbo is opgestel voordat die aansuiwerings hieronder in aanmerking geneem is.

- 'n Betaling van R10 000 gemaak aan Masuku Verskaffers is nie opgeteken nie.
- 'n Faktuur vir R2 200 vir goedere wat aangekoop is van Ngubeni Verskaffers, is verkeerdelik in die boeke van Hadebe verskaffers aangeteken.
- 'n Handelskorting van 2.5% toegestaan deur Matshaba Verskaffers op goedere gekoop is nie aangeteken nie. Die bedrag na die handelskorting is R6 630.
- Goedere met 'n waarde van R 1 500 is teruggestuur aan Masuku Verskaffers.

- B.** Die volgende saldo's is geneem uit die boeke van BaseM Handelaars en die rekeningstaat ontvang van Mokoena Verskaffers.

Let wel: Mokoena Verskaffers sluit hulle boeke af op die 25^{ste} van elke maand.

Saldo volgens die rekening van Mokoena Verskaffers in die krediteuregrootboek van BaseM Handelaars op 29 Februarie 2024:	R21 700
Saldo volgens die rekeningstaat ontvang van Mokoena Verskaffers op 25 Februarie 2024.	R23 900

Foute en weglatings

- (i) Mokoena Verskaffers het nagelaat om 'n faktuur vir R3 000 vir die aankoop van goedere te boekstaaf.
- (ii) In die rekeningstaat is die terugsending van goedere verkeerdelik aangeteken as 'n faktuur vir R580.
- (iii) Goedere bestel deur BaseM Handelaars vir R250 is glad nie geboekstaaf in beide die krediteuregrootboek en die krediteurerekeningstaat nie.
- (iv) 'n Betaling reflekteer op die krediteuregrootboek van Mokoena Verskaffers vir R2 250, maar dit was 'n betaling gemaak aan Makoena Ltd.
- (v) 'n Korting ontvang van R180 vir die vroeë betaling van 'n rekening is slegs op die rekeningstaat korrek aangeteken.
- (vi) Die staat weerspieël 'n oordrag van 'n kredietsaldo vir R420 van BaseM Handelaars in die debiteuregrootboek na hul saldo in die krediteuregrootboek.
- (vii) Die krediteuregrootboek toon 'n betaling van R1 550 gemaak op 26 Februarie 2024.

[25]

VRAAG 3: VASTE BATES

(50 punte;40 minute)

MZIZI HANDELAARS

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Mzizi Handelaars. Hulle finansiële jaar eindig op 30 April 2024.

GEVRA:

- 3.1.1 Bereken die waardevermindering op Voertuie en Toerusting. Gebruik die tabel wat voorsien word as 'n riglyn. (12)
- 3.1.2 Voltooi die Bateverkoperekening in die Algemene Grootboek. (11)
- 3.1.3 Voltooi die Vaste Bate nota. Wys berekeninge waar nodig. (27)

INLIGTING:

A.

Saldo's op 30 April 2024	
Grond en geboue	1 050 000
Voertuie	900 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Mei 2023)	555 000
Toerusting	480 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Mei 2023)	438 000

B. ADDISIONELE INLIGTING:

Grond en geboue

- Gedurende die jaar is 'n verbandlening vir R300 000 by KIN Bank geneem vir die aankoop van 'n nuwe eiendom.
- Verdere herstelwerk is aan die ou gebou gemaak ter waarde van 15 000.
- Geen inskrywings is gemaak nie.

Voertuie

- 'n Nuwe voertuig met 'n kosprys van R160 000 is op 29 Februarie 2024 aangekoop.
- 'n Afleweringsvoertuig is verkoop vir R81 250 kontant op 01 Desember 2023. Die opgehoopte waardevermindering op 01 Mei 2023 was R360 000 en die drawaarde op dieselfde dag was R70 000.
- Waardevermindering op voertuie vind plaas teen 15% p.j. op die drawaarde van die voertuig.

Toerusting

- Nuwe toerusting word aangekoop halfpad deur die finansiële jaar vir R90 000. Die transaksie is nie opgeteken nie.
- Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% p.j. op die kosprys

[50]

VRAAG 4: KONSEPTE

(20 punte; 16 minute)

GEVRA:

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord dan die vrae wat volg:

INLIGTING:

- 4.1 James Nxumalo is die bestuurder van Tic Comp Handelaars. Hy oorweeg dit om die huidige rekenaars wat die onderneming het te vervang. Sommige van die werknemers voel dat dit nie 'n noodsaaklike uitgawe is nie aangesien die rekenaars drie jaar gelede gekoop is.
- 4.1.1 Waardevermindering is 'n ongewone uitgawe deurdat dit nie die uitvloeï van kontant uit die besigheid behels nie. Identifiseer een ander voorbeeld van 'n soortgelyke tipe uitgawe. (02)
- 4.1.2 Verskaf **TWEE** punte ten gunste van die bestuurder se voorstel. (04)
- 4.1.3 Verskaf **TWEE** punte ter ondersteuning van die werknemers. (04)
- 4.1.4 Indien die rekenaars verkoop is en die besigheid 'n verlies sou lys, in watter finansiële staat sou die verlies aangeteken word. (02)
- 4.1.5 "Wanneer 'n bate teen boekwaarde/drawaarde verkoop word, neem die netto wins af." Is hierdie stelling **Waar** of **Onwaar**? Gee 'n rede vir jou antwoord. (02)
- 4.2 Die toesighouer in die kopieer- en dupliseringskamer is bekommerd oor die groot uitgawe aan herstelwerk en instandhouding aan die kopieermasjiene. Sy het ook opgemerk dat groot bedrae geld bestee word aan die kopiëringpapier, ink en stensils. Stel **DRIE** maatreëls voor wat ingestel kan word om hierdie uitgawes te beheer. (06)

[20]

TOTAAL: 150

EINDE

BYLAE

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Gemiddelde vennote ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde vennote ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslasate	Bedryfsbates – Voorraad Bedryfslaste	
Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente: Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ or } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope of koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ or } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ or } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie bedryfslaste : Vennote ekwiteit	Totale Bates : Totale Laste	
vaste koste $\frac{\text{Verkoopsprys per eenheid} - \text{verandelike koste per eenheid}}$		



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

JUNIE 2024

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2**

ANTWOORDBOEK

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye

Naam van skool:	
Naam van leerder:	
Datum:	

Vraag	Onderwerp	Moontlike punte	Punt behaal	Moderator Punt
1	Bankversoening en Interne Kontrole	55		
2	Krediteure Kontrole en Etiek	25		
3	Vaste Bates	50		
4	Interne Kontrole	20		
TOTAAL		150		

VRAAG 1: BANKVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

(55 punte; 44 minute)

1.1	Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.	
	1.1.1	
	1.1.2	
	1.1.3	

03

1.2 1 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Februarie 2024. Gebruik die korrekte besonderhede (kontrarekening)

Kontantontvangstejoernaal		Kontantbetalingsjoernaal	
Besonderhede	Bedrag	Besonderhede	Bedrag
Voorlopige totale	205 500	Voorlopige totale	178 400

26

1.2.2 Bereken die korrekte bankrekeningsaldo op 29 Februarie 2024.

--

04

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 29 Februarie 2024 op.

Bankversoeningstaat van SK Winkels op 29 Februarie 2024.		
	DEBIET	KREDIET

10

1.2.4	Voorsien TWEE interne kontrolemaatreëls om kontant te beheer.

04

1.2.5	Noem TWEE interne kontrolemaatreëls wat geïmplementeer kan word ten opsigte van EFO-betalings.

04

1.2.6	'n Betaling wat op die 19de aan een van ons krediteure gemaak is, is nie deur die krediteur ontvang nie. Daar is ontdek dat die geld gestuur is na die krediteur se ou rekening wat gesluit. Gee TWEE redes wat verduidelik waarom dit belangrik is om rekeningbesonderhede te verifieer voordat enige betalings gemaak word.

04

55

VRAAG 2: KREDITEURE KONTROLE EN INTERNE KONTROLE

(25 punte; 20 minute)

2.1	Verskaf TWEE redes waarom dit belangrik is om beheer oor krediteure te hê?

02

2.2	Berei die korrekte krediteurelys in die Boeke van BaseM Handelaars voor na inagneming van die aansuiwerings in INLIGTING A.
------------	--

Krediteurelys op 29 Februarie 2024

Masuku Verskaffers (18 000	
Maleka Verskaffers (5 900	
Hadebe Verskaffers (10 300	
Matshaba Verskaffers (7 000	
Ngubeni Verskaffers (6 800	
Mokoena Verskaffers (21 700	

09

2.3	Krediteuregrootboek-rekening van Mokoena Verskaffers.	Rekeningstaat ontvang van Mokoena Verskaffers.
Saldo's	21 700	23 900
(i)		
(ii)		
(iii)		
(iv)		
(v)		
(vi)		
(vii)		

12

2.4	Die boekhouer het uitgevind dat die eienaar besig is om goedere vir sy persoonlike gebruik te bestel en dit te dit laat aanteken as aankope vir die besigheid. Wat moet die boekhouer vir die eienaar sê?

02

25

3.2.2 Dt

Bateverkoperekening

N6

Kt

11

3.2.3 Vaste bates	Grond en geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde: begin van die jaar			
Kosprys			
Opgehoopte waardevermindering		(555 000)	(438 000)
Beweging			
Verkryging teen kosprys			
Bateverkope teen drawaarde			
Waardevermindering vir die jaar			
Drawaarde: einde van die jaar			
Kosprys			
Opgehoopte waardevermindering			

27

50

VRAAG 4: KONSEPTE
(20 punte; 16 minute)

4.1.1	Waardevermindering is 'n ongewone uitgawe deurdat dit nie die uitvloei van kontant uit die besigheid behels nie. Identifiseer een ander voorbeeld van 'n soortgelyke tipe uitgawe.
--------------	---

02

4.1.2	Verskaf TWEE punte ten gunste van die bestuurder se voorstel.
--------------	--

04

4.1.3	Verskaf TWEE punte ten gunste van die werknemers.
--------------	--

04

4.1.4	Indien die rekenaars verkoop is en die besigheid lei 'n verlies, in watter finansiële staat sal die verlies aangeteken word?
--------------	---

02

4.1.5	“Wanneer 'n bate teen boekwaarde/drawaarde verkoop word, neem die netto wins af.” Is hierdie stelling Waar of Onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.
--------------	--

02

4.2 Die toesighouer in die kopieer- en dupliseringskamer is bekommerd oor die groot uitgawe aan herstelwerk en instandhouding aan die kopieermasjiene. Sy het ook opgemerk dat groot bedrae geld bestee word aan die kopiëringpapier, ink en stensils.

Stel DRIE maatreëls voor wat ingestel kan word om hierdie uitgawes te beheer.

06

20

TOTALE PUNTE

150

EINDE



PROVINSIALE EKSAMEN

JUNIE 2024

GRAAD 11

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE VRAESTEL 2

10 bladsye

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (Geen vreemde-item strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering nie
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoorde. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakies voorsien word nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui, kan deelpunt toegeken word om te onderskei tussen die kwaliteit van antwoorde van kandidate.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir hierdie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Waar metodepunte toegeken word vir bewerkings moet die nasiener die redelikheid van die antwoord inspekteer en ten minste een deel moet korrek wees voordat die punt toegeken word.
9. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle, moet die metodepunt nie toegeken word nie.
10. Wees bewus van kandidate wat geldige alternatiewe buite die nasienriglyne bied.
11. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding

VRAAG 1: BANKVERSOENING EN INTERNE KONTROLE

(55 punte; 44 minute)

1.1	Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.	
1.1.1	Onwaar ✓	
1.1.2	Waar ✓	
1.1.3	Waar ✓	

03

1.2 1 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Februarie 2024. Gebruik die korrekte besonderhede (kontrarekening).

Kontantontvangstejoernaal		Kontantbetalingsjoernaal	
Besonderhede	Bedrag	Besonderhede	Bedrag
Voorlopige totale	205 500	Voorlopige totale	178 400
Skryfbehoeftes ✓	7 200✓✓	Debiteure kontrole ✓	2 000✓✓
Huurinkomste ✓	11 500✓	Water en elektrisiteit ✓	1 500✓
Vaste deposito: Honey Bank✓	50 000✓	Bankkoste ✓	1 940✓
Rente op lopende rekening rente inkomste ✓	570✓	Onttrekkings ✓	645✓
		Handelsvoorraad✓	1 655✓
		Lening: EN Bank✓	10 500✓
		Handelsvoorraad ✓	750 ✓
	274 770 ☑		197 390☑

26

Ken metodepunt toe slegs as die totale onderskeidelik groter is as R205 500 en R178 400

1.2.2 Bereken die korrekte bankrekeningsaldo op 29 Februarie 2024.

$$R17\,500\checkmark + 274\,770\boxtimes - 197\,390\boxtimes = R94\,880\boxtimes$$

04

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 29 Februarie 2024 op.**Bankversoeningstaat van SK Winkels op 29 Februarie 2024.**

	DEBIET	KREDIET
KT Saldo volgens Bankstaat		95 000 $\boxtimes$
KT Uitstaande deposito		10 600 $\checkmark$
KT Uitstaande deposito		15 000 $\checkmark$
DT Uitstaande EFO	8 500 $\checkmark$	
DT Regstelling van fout	18 000 $\checkmark\checkmark$	
KT Bedrag verkeerdelik gedt		780 $\checkmark\checkmark$
DT Saldo volgens Bankrekening	94 880 $\boxtimes$	
$\boxtimes$ Ken metodepunt toe indien beide totale dieselfde is	121 380	121 380

10

1.2.4 Voorsien TWEE interne kontrolemaatreëls om kontant te beheer.

- Moedig EFO betalings deur kliënte aan
- Kontant moet daagliks gedeponeer word (vergelyk depositostrokies met kwitansies).
- Versoek die bank om kennisgewings van alle transaksies te stuur.
- Verdeel pligte tussen die werknemers, die persoon wat die kwitansie uitreik moet nie dieselfde persoon wees wat die deposito's maak nie.

 $\checkmark\checkmark$ vir enige relevante antwoord. $\checkmark$ vir halwe antwoord.

04

1.2.5	Noem TWEE interne kontrolemaatreëls wat geïmplementeer kan word ten opsigte van EFO-betalings.
	• Ale betalings wat gemaak word moet deur 'n toesighouer/senior amptenaar gemagtig word. • Slegs spesifieke persone moet toegang hê tot die banktoepassing. • Vergelyk EFO betalings met die KBJ. ✓✓ vir enige relevante antwoord. ✓ vir halwe antwoord

04

1.2.6	'n Betaling wat op die 19de aan een van ons krediteure gemaak is, is nie deur die krediteur ontvang nie. Daar is ontdek dat die geld gestuur is na die krediteur se ou rekening wat gesluit. Gee TWEE redes wat verduidelik waarom dit belangrik is om rekeningbesonderhede te verifieer voordat enige betalings gemaak word.
	• Dit is die verantwoordelikheid van die boekhouer om die rekeningnommer te verifieer, want die bank sal nie verantwoordelik wees vir enige verlies wat gely word nie. • Voordat die betaling bevestig word, kan die Bank aandui dat die naam van die persoon nie ooreenstem met die rekeningbesonderhede nie, indien wel, bevestig nie betaling nie. • Stoor gereelde begunstigdes as begunstigdes sodat dit makliker is om geld te betaal aan 'n persoon met die regte besonderhede. • Maak seker dat jy jou krediteure op 'n gereelde basis byvoeg. ✓✓ vir enige relevante antwoord. ✓ vir halwe antwoord

04

VRAAG 2: KREDITEURE KONTROLE EN INTERNE KONTROLE

(25 punte; 20 minute)

2.1	Verskaf TWEE redes waarom dit belangrik is om beheer oor krediteure te hê?
	• Maak seker dat die regte bedrag aan krediteure oorbetal word. • Om seker te maak dat krediteure betyds betaal word sodat jy kwalifiseer vir die noodsaaklike korting. • Om van die volle 60-90 dae kredietterme gebruik te maak om goeie kontantvloei te handhaaf. 1 punt elk vir relevante antwoord.

02

2.2	Berei die korrekte krediteurelys in die Boeke van BaseM Handelaars voor na inagneming van die aansuiwerings in INLIGTING A.
-----	--

Krediteurelys op 29 Februarie 2024

Masuku Verskaffers (18 000 – 10 000 – 1 500)	☒ 6 500
Maleka Verskaffers (5 900)	✓ 5 900
Hadebe Verskaffers (10 300 – 2 200)	✓ 8 100
Matshaba Verskaffers (7 000 – $(6630 \times \frac{2.5}{97.5})$ ✓✓)	☒ 6 800
Ngubeni Verskaffers (6 800 + 2 200)	✓ 9 000
Mokoena Verskaffers (21 700)	✓ 21 700
	☒ 51 200

09

2.3	Krediteuregrootboek-rekening van Mokoena Verskaffers.	Rekeningstaat ontvang van Mokoena Verskaffers.
Saldo's	21 700	23 900
(i)		+ 3 000✓
(ii)		-580✓ -580✓ Ken 2 punte toe vir -1160
(iii)	+250✓	+250✓
(iv)	+2 250✓✓	
(v)	-180✓	
(vi)	+420✓✓	
(vii)		-1 550✓
	☑ 24 440	24 440

12

Pas metodepunt toe slegs indien beide totale dieselfde is en die openingbalans in ag neem

2.4	Die boekhouer het uitgevind dat die eienaar besig is om goedere vir sy persoonlike gebruik te bestel en dit te dit laat aanteken as aankope vir die besigheid. Wat moet die boekhouer vir die eienaar sê?
	• Wat hy doen is oneties. • Hy pleeg bedrog. 2 punte vir enige relevante antwoord. ✓✓

02

25

VRAAG 3: VASTE BATES

(50 punte; 40 minute)

3.2.1. BEREKEN DIE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE	Bedrag
VERKOOP: $70\,000 \times 15\% \times 7/12 \checkmark =$ $430\,000 - 360\,000 = 70\,000 \text{ cv}$	6 125 $\checkmark$ ☒
OUD: $900\,000 - 430\,000 = 470\,000$ $555\,000 - 360\,000 = 195\,000$ Therefore: $470\,000 - 195\,000 = 275\,000 \checkmark$ ☒ $\times 15\% =$	41 250 $\checkmark$
NUUT: $160\,000 \times 15\% \times 2/12 \checkmark =$	4 000 ☒
Totale waardevermindering vir die jaar	51 375

08

BEREKEN DIE WAARDEVERMINDERING OP TOERUSING	Bedrag
OUD: $42\,000 - R1 =$	41 999 $\checkmark$ ☒
NUUT: $90\,000 \times 10\% \times 6/12 \checkmark =$	4 500 $\checkmark$
Totale waardevermindering vir die jaar	46 499

04

3.2.2 Dt

Bateverkoperekening

N6

Kt

2024 Apr	30	Voertuig ✓	AJ	430 000✓✓ (360 000 + 70 000)	2024 Apr	30	Opgehoopte waardevermindering op voertuie✓ (360 000✓ + 6 125✓ see 3.2.1)	GJ	366 125✓*
		Wins met verkoop van bate ✓	AJ	17 375✓			Bank ✓	CRJ	81 250✓
					*Gee 3 punte vir 366 125 indien geen berekeninge getoon word nie				
				447 375					447 375

11

3.2.3 Vaste bates	Grond en geboue	Voertuig	Toerusting
Drawaarde: begin van die jaar	1 050 000	345 000✓	42 000✓
Kosprys	1 050 000✓	900 000✓	480 000✓
Opgehoopte waardevermindering		(555 000)	(438 000)
Beweging			
Verkryging teen kosprys	300 000✓	160 000✓	90 000✓
Bateverkope teen drawaarde		(63 875) ✓✓	
Waardevermindering vir die jaar		(51 375) ✓✓	(46 499) ✓✓
Drawaarde: einde van die jaar	1 350 000	389 750✓✓	85 501✓✓
Kosprys	1 350 000✓	630 000✓✓	570 000✓✓
Opgehoopte waardevermindering		(240 250) ✓✓	(484 499) ✓✓

27

50

VRAAG 4: : KONSEPTE

(20 punte; 16 minute)

4.1.1	Waardevermindering is 'n ongewone uitgawe deurdat dit nie die uitvloeï van kontant uit die besigheid behels nie. Identifiseer een ander voorbeeld van 'n soortgelyke tipe uitgawe.	
Enige relevante nie-kontant uitgawe ✓✓		
Oninbare skuld ; Korting toegestaan; Handelsvoorraad tekort; Korting ontvang		02

4.1.2	Verskaf TWEE punte ten gunste van die bestuurder se voorstel.	
Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓		
- Moet huidige stelsel opgradeer – hou tred met tegnologie. - Koop nuutste model om produktiwiteit te bevorder. - Wêreldwye besigheidsomgewing – versoenbaar met mededingers. - Bou die beeld van die onderneming – reputasie.		04

4.1.3	Verskaf TWEE punte ten gunste van die werknemers.	
Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓		
- Kontant kan vir ander doeleindes (aansporing) gebruik word. - Met nuwe rekenaars sal opleiding nodig wees. - Tydvermorsing met installering en opleiding.		04

4.1.4	Indien die rekenaars verkoop is en die besigheid lei 'n verlies, in watter finansiële staat sal die verlies aangeteken word	
Inkomstestaat/Staat van omvattende inkomste ✓✓		02

4.1.5	“Wanneer 'n bate teen boekwaarde/drawaarde verkoop wors, neem die netto wins af.” Is hierdie stelling Waar of Onwaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.	
Onwaar Aangesien dit teen drawaarde verkoop word sal daar geen wins gemaak word of geen verlies gely word nie ✓✓		02

4.2	Die toesighouer in die kopieer- en dupliseringskamer is bekommerd oor die groot uitgawe aan herstelwerk en instandhouding aan die kopieermasjiene. Sy het ook opgemerk dat groot bedrae geld bestee word aan die kopiëringpapier, ink en stensils. Stel DRIE maatreëls voor wat ingestel kan word om hierdie uitgawes te beheer.	
2 punte vir elke volledige antwoord ✓✓ Onvolledige/onduidelike antwoord 1 punt. ✓ Vervang die kopieerder met 'n nuwe een. Huur 'n nuwe kopieerder. Stel maatreëls in plek om kopiëring te beperk, Bv. Wagwoord om oormaat kopiëring te beperk, Slegs een persoon mag kopieë maak. Aanvaar enige redelike antwoord.		06

20

TOTALE PUNTE

150